# Koshuisplasings: bepalings en voorwaardes vir 2024

Die bepalings in hierdie dokument verteenwoordig die bepalings en voorwaardes vir die aanvaarding van jou koshuisplasing vir 2024. Lees dit asseblief noukeurig deur voordat jy die plasing wat ons voorlopig vir jou gereserveer het, aanvaar.

| |
|---|
| **Neem asseblief kennis:** Studente wat gekeur word vir MBChB, Verpleegkunde en Verloskunde, Fisioterapie, of Dieetkunde, woon nie in ’n koshuis op Stellenbosch-kampus nie. **Koshuisplasings op die Tygerberg-kampus** vind eers plaas sodra die keuringsproses afgehandel is. |

**1. Betaling van die koshuisverblyfaanvaardingsbedrag**

1.1 Deur die aanvaardingsbedrag van **R5 100** binne **30 kalenderdae** te betaal, bevestig jy jou aanvaarding van ’n plek in ’n koshuis, asook die bepalings en voorwaardes vervat in hierdie dokument.

1.2 Jy moet tot 'n program aan die Universiteit toegelaat word om ’n koshuisplasing te ontvang, en sodoende geregistreer wees om jou plek in ’n koshuis in 2024 in te neem.

1.3 **Internasionale Studente:** Die Universiteit se Internasionale Kantoor beskou ook die aanvaardingsbedrag as deel van die verpligte eerste paaiement vir koshuisgelde. Die volle eerste paaiement vir koshuisgelde van R25 000 en die ete-kwota van R15 000 moet by registrasie betaal word. Vir meer inligting oor fooie vir internasionale studente, besoek asseblief “www.sun.ac.za/international > International students > Fees”. Sodra jou verpligte aanvaardingsbedrag van R5 100 vir ‘n koshuis op jou Studentegelderekening reflekteer, kan jy 'n bevestigingsbrief vir verblyf vir visumaansoekdoeleindes by interhouse@sun.ac.za versoek.

1.4 Indien ons nie jou aanvaardingsbedrag teen die vasgestelde sperdatum ontvang nie, sal ons ongelukkig jou voorlopig gereserveerde plek in ’n koshuis moet kanselleer.

1.5 **Finansiële behoefte:**
(a) Op grond van die sosio-ekonomiese inligting wat jy in jou aansoek aan die Universiteit Stellenbosch verskaf het, kan jy versoek word om 'n verminderde aanvaardingsbedrag van R500 binne dertig (30) kalenderdae te betaal om 'n koshuisplek te verseker. (b) Jy kan ook 'n motivering met bewys van finansiële behoefte by info@sun.ac.za indien om 'n vrystelling van die aanvaardingsbedrag te versoek. (c) Indien jy finansiële bystand ontvang op grond van behoefte, kan jy van die aanvaardingsfooi vrygestel word. Indien bewys van hierdie beurs of befondsing ingedien word, kan die student oorweeg word vir plasing (gebaseer op beskikbare plekke). E-pos asseblief die nodige dokumentasie na info@sun.ac.za en vul jou US-studentenommer in die onderwerplyn in.

1.6 Sien Addendum A aan die einde van hierdie dokument vir meer inligting oor die besonderhede vir die betaling van die aanvaardingsbedrag. Gebruik asseblief jou US-


Registrars Division | Registrateurs Afdeling
Student Accommodation Office | Studente Akkommodasie Kantoor
+27 21 808 9111 | info@sun.ac.za | www.maties.com
Private Bag X1 | Privaat Sak X1 | Matieland 7602 | South Africa | eMzantsi Afrika | Suid-Afrika

studentenommer (die eerste agt syfers) as verwysing, en e-pos bewys van betaling na studentegelde@sun.ac.za.

**2. Plasing en oorplasing van studente**

2.1 Al reserveer die Universiteit voorlopig vir jou plek in 'n koshuis en vra vir 'n aanvaardingsbedrag vroeër in die jaar, word voornemende studente eers **laat-September** in spesifieke koshuise op Stellenbosch-kampus geplaas. Neem asseblief kennis dat plasing in koshuise op die Tygerbergkampus eers later in die jaar afgehandel sal word wanneer die keuring afgehandel is.

2.2 Die spesifieke koshuis waarin jy geplaas is, sal onder jou "Aansoekstatus" op www.maties.com verskyn, en sal bevestig word in 'n plasingsbrief wat per e-pos aan jou gestuur word.

2.3 Indien jy op enige stadium nie meer in koshuisplasing belangstel nie, kanselleer asseblief jou aansoek deur 'n e-pos te stuur na info@sun.ac.za . Lees meer oor kansellasie in punt 3 hieronder.

2.4 Neem asseblief kennis van die volgende belangrike inligting oor jou plasing in 'n Universiteitskoshuis:

2.4.1 Plek in ons koshuise is beperk en onderhewig aan 'n keuringsproses. Ons kan dus nie 'n plek in die koshuis van jou keuse waarborg nie. Die beleid is beskikbaar op die webwerf vir voornemende studente by www.maties.com ('Akkommodasie').

2.4.2 Ons streef daarna om diversiteit te bevorder en om 'n eweredige verspreiding van studente van uiteenlopende agtergronde in al ons koshuise te hê. Daarom volg ons die riglyne in ons koshuisplasingsbeleid en **sal ongelukkig nie enige oorplasings na ander koshuise kan oorweeg nie**.

2.4.3 Indien jy nie in een van jou voorkeurkoshuise geplaas is nie, beteken dit dat die kategorie waaronder jy in daardie koshuise geplaas sou word, reeds gevul is.

2.4.4 Daar is GEEN enkelkamers beskikbaar vir die eerstejaarstudente nie, behalwe in Majuba en Metanoia.

2.4.5 Die Universiteit oorweeg slegs senior studente vir plasing in studentehuise en universiteitswoonstelle. Jy sal dus nie in jou eerste studiejaar in hierdie huise of woonstelle kan bly nie.

2.4.6 Alle koshuisplasings is ***voorwaardelik***. Koshuisplasing waarborg nie toelating tot die Universiteit nie. Indien jy byvoorbeeld nie aan die einde van graad 12 aan die Universiteit se toelatingsvereistes voldoen nie, sal jy die koshuisplek verloor wat aan jou gebied is.

2.4.7 Neem asseblief kennis dat voortsetting van verblyf nie outomaties plaasvind nie. Studente moet jaarliks weer aanlyn aansoek doen by my.sun.ac.za. Die kriteria vir vervanging sal in ooreenstemming met die koshuisplasingsbeleid uitgevoer word.

2.4.8 Ons behou die reg voor om, sonder om redes daarvoor te verskaf:

- te weier om 'n student in Universiteitsbehuising te plaas;
- enige student se verblyf in Universiteitsbehuising te beëindig deur een week kennis te gee; en
- afhangende van die Universiteit se bedryfsvereistes, mag ons 'n student vir 'n deel van die jaar na 'n ander koshuis verskuif (soos vir tweede eksamengeleenthede).

2.4.9 Stellenbosch-kampuskoshuiskamers word ten volle ontruim gedurende die Junie en Desember vakansies. Waar dit moontlik is, sal die koshuis stoorplek vir jou besittings vir die Junie-vakansie verskaf, maar ongelukkig nie vir Desember nie.

2.4.10 Daar is baie min parkeerplek op kampus beskikbaar. Senior studente het voorkeur wanneer koshuis- en straatparkeerplekke toegeken word.

2.4.11 Vir meer inligting oor plasings, lees asseblief die amptelike koshuisplasingsbeleid en bestuursriglyne by www.maties.com.

**3. Kansellering van koshuisplasing**

3.1 Kansellering van koshuisverblyf word slegs aanvaar indien dit skriftelik ingedien word. Indien jy jou koshuisverblyf wil kanselleer, moet jy asseblief 'n e-pos stuur aan info@sun.ac.za, met vermelding van jou studentenommer en die rede vir die kansellasie. Sonder dat jy so 'n kennisgewing ingedien het, sal jy ongelukkig nie vir enige moontlike terugbetaling van die aanvaardingsbedrag kwalifiseer nie.

3.2 Die Universiteit sal die datum van ontvangs van jou skriftelike kennisgewing gebruik as die amptelike datum vir die berekening van enige verskuldigde gelde.

3.3 Ten opsigte van kansellasies van koshuisplasing sal die aanvaardingsbedrag soos volg hanteer word:

3.3.1 Indien jy voor of op 31 Oktober van die aansoekjaar kanselleer, sal die Universiteit die volle aanvaardingsbedrag aan jou terugbetaal.

3.3.2 Indien jy na 31 Oktober van die aansoekjaar kanselleer, sal die Universiteit 'n kansellasiefooi van R900 hef.

3.3.3 Indien jy later as 'n week na die bekendmaking van die NSS-uitslae aan die begin van die jaar kanselleer, **sal jy ongelukkig die volle aanvaardingsbedrag verbeur.**

3.3.4 As jy nog nie by jou koshuis aangekom het teen die tyd dat die verwelkomingsprogram begin nie, sal jy die volle aanvaardingsbedrag verbeur en die Universiteit sal jou koshuisplasing kanselleer.

3.3.5 Indien jy nie tot jou studieprogram toegelaat word nie of weens omstandighede buite jou beheer, nie die koshuisplasing kan aanvaar waarvoor jy reeds die vereiste aanvaardingsbedrag betaal het nie, kan jy skriftelik om terugbetaling aansoek doen. Rig 'n volledig gemotiveerde brief aan die Koshuisplasingskantoor en e-pos dit na info@sun.ac.za.

3.3.6 Hou asseblief in gedagte dat die besluit om enige gelde terug te betaal uiteindelik by die Universiteit berus.

3.3.7 Koshuisverblyf word vir die volle akademiese jaar toegeken. Indien jy jou plek gedurende die akademiese jaar kanselleer, sal jy 'n kansellasiefooi van 30% van die uitstaande koshuisgelde vir die jaar moet betaal.

**4. Koshuis- en Verblyfreëls**

4.1 Die koshuis- en verblyfreëls word op die webwerf vir voornemende studente (www.maties.com) en op die studenteplatform by my.sun.ac.za gepubliseer.

4.2 Dit bly die verantwoordelikheid van elke student om seker te maak dat hulle die toepaslike koshuis- en verblyfreëls en -prosedures verstaan.

Indien jy enige navrae oor koshuisplasings het, stuur gerus 'n epos aan info@sun.ac.za en merk dit *Koshuisplasingsnavraag* in die onderwerpveld.

Vriendelike groete
**Studente Akkommodasie Kantoor**
**Maart 2023**

Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT | forward together sonke siya phambili saam vorentoe

**AANHANGSEL A**

Die Universiteit Stellenbosch (US) is besig om oor te beweeg na 'n kontantlose omgewing vir betalings. Maak asseblief gebruik van die volgende betalingsmetodes vir die aanvaardingsbedrag:

**Aanlyn betalings (EFT of kredietkaart) deur middel van die US Webtuiste US WEBTUISTE**
Om 'n aanlyn betaling op die Studentegelde afdeling van die US se webtuiste te maak, volg asseblief hierdie riglyne:

- Tik in die navigasiebalk die volgende: www.maties.com
- Klik op 'Gelde'
- Kies 'Aanlyn betaling van studentegeld'
- Volg die instruksies en betaal met jou kredietkaart of EFT (elektroniese oordrag)

**Voordele van aanlyn betalings:** Die kwitansie word onmiddellik verwerk sodat daar geen vertraging in die registrasieperiode is met die betaling van die verpligte eerste paaiement(e) nie, en ook nie later met die bekendmaking van die eksamenuitslae nie.

Indien jy enige verdere navrae het, kontak Studentegelde gerus by studentegelde@sun.ac.za of 021 808 4521/4913.

Vriendelike groete
**Studentegelde afdeling**